

ST. CYRIL VAN JERUSALEM

18 MAART

(c.315-386)

Hy is in Jerusalem gebore en as Christen groot gemaak. Die heilige biskop Maximus wy hom tot priester en in 349 volg Cyril hom op as biskop oftewel patriarg van Jerusalem. Vanweë sy volgehoue teenkanting teen die Ariaanse dwaalleer is hy verskeie kere van sy setel ontnem en in ballingskap weggestuur, maar hy het elke keer daarin geslaag om terug te keer en weer sy biskopsamp op te neem. Hy neem in 381 deel aan die Kerk Konsilie van Konstantinopel. Hy was veral bekend oor die meesterlike manier waarop hy die geloof aan kategumene deurgegee het en sy Kategese, wat bestaan uit 18 diskoerse wat in die Vastyd gelewer is en 5 diskoerse wat ná Paasfees aan die nuutgedooptes gegee is, gee ons kosbare insigte in die teologie van die Vroeë Kerk. Hy word vereer as Kerkleeraar.

